## AFDELING A - Opstel

### 1.1 HIERSONDER SAL MY LEWE NIE DIE MOEITE WERD WEES NIE

In hierdie beskrywende opstel gee leerders logiese en oortuigende redes waarom hierdie ding (nie 'n mens nie) so belangrik vir hulle is. Dit kan sinvol wees om die paragraafverdeling by die verskillende redes te laat aansluit – natuurlik met 'n goeie inleidende en slotparagraaf. (40)

### 1.2 HY WAS ALTYD ANDERS

Dit kan 'n verhalende of beskrywende opstel wees. Dit is belangrik om genoeg aandag te skenk aan waarom die persoon so verskillend van die res van die mense was. (40)

### 1.3 MY GUNSTELINGPLEK

Hierdie beskrywende opstel fokus op een plek wat spesiaal vir die leerders is. Twee dinge is belangrik: 'n goeie beskrywing van die plek en waarom die plek spesiaal vir hulle is. (40)

### 1.4 DIE SPEELGOED EN SPEELMAATS VAN MY KLEINKINDERDAE

In hierdie beskrywende opstel gebruik leerders die gegewe instruksies om hul skryfstuk te skryf. Ten einde oortuigend op die drie riglyne te reageer, sal leerders moet terugdink hoe dit werklik was om klein te wees. (40)

### 1.5 EK WIL NOG LEWE

In hierdie verhalende opstel kan daar ook beskrywende elemente wees. Leerders gebruik die gegewe openingsparagraaf en ontwikkel dit verder om hul kortverhaal te skryf. Dit is belangrik om te fokus op waarom hulle nog wil lewe. Die verhaal moet 'n oortuigende slot hê. (40)

**TOTAAL VIR AFDELING A - 40 punte**

## AFDELING B - Transaksionele tekste

### 2.1 DAGBOEKINSKRYWING

Hierdie **dagboekinskrywing** bied aan leerders die geleentheid om gevoelens van frustrasie oor 'n te besige of deurmekaar lewe uit te druk. (20)

### 2.2 BERIG

Hierdie **koerantberig** word op 'n fiktiewe onderhoud of gesprek gebaseer. Die doel is om inligting oor die uitblinker se agtergrond en prestasiegebied te gee. Die skryfstuk moet aan al die vereistes vir 'n koerantberig voldoen en duidelik en logies geskryf wees. (20)

### 2.3 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

In hierdie **vriendskaplike brief** is die fokus daarop om die persoon in die hospitaal op te beur en moed in te praat. Leerders moet reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp begin (en nie eers oor allerhande ander goed skryf of vrae vra nie). Die toon is informeel. (20)

### 2.4 DIALOOG

Die meeste leerders behoort oortuigend oor hierdie onderwerp te kan skryf. Omdat dit 'n **dialoog** tussen vriende is, sal die register informeel wees. Die korrekte vorm en die korrekte gebruik van leestekens is belangrik. (20)

**TOTAAL VIR AFDELING B - 20 punte**

## AFDELING C - Ander kort tekste

### 3.1 PAMFLET

Hierdie **pamflet** is op graad 7-leerders gerig en die taalgebruik moet dus daarby pas. Omdat dit die doel van die pamflet is om inligting oor te dra, is dit belangrik dat soveel moontlik inligting duidelik en logies ingesluit word. (20)

### 3.2 PLAKKAAT

Hierdie **plakkaat** fokus op redes waarom dit belangrik is om te lees. Die inligting moet aantreklik, duidelik en leesbaar aangebied word en moet 'n gevoel van opwinding oor lees oordra. (20)

### 3.3 BETERSKAPKAARTJIE

Leerders maak 'n **kaartjie** met 'n opbeurende boodskap vir 'n ouma of oupa wat in die hospitaal is. Alhoewel 'n prentjie of tekening 'n goeie idee is, moet die boodskap nie afgeskeep word nie. (20)

### 3.4 BOODSKAP

Hierdie **boodskap** is 'n kombinasie van 'n funksionele boodskap en 'n spesiale boodskap. Die inligting in die eerste deel moet duidelik oorgedra word. Die tweede deel sal gevoel uitdruk. (20)

**TOTAAL VIR AFDELING C - 20 punte**

**[TOTAAL: 80 punte]**

